Desember 2016

Nuusbrief

N2/2016

Municipality . Laingsburg . Munisipaliteit

Privaatsak x 4 Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019
info@laingsburg.gov.za

BURGEMEESTER SE BOODSKAP

Die jaar is amper op sy einde. Dit was ‘n jaar vol uitdagings met die plaaslike verkiesing as hoogtepunt wat veranderinge te weeg gebring het.

Dit is ‘n voorreg en eer om as eerste burger die gemeenskap van Laingsburg te dien. Die munisipaliteit en gemeenskap kom vir my eerste, daarom sal ek alles doen om ‘n verskil te maak in Göldnerville, Bergsig, Acacia Park, die dorp, Matjiesfontein en die omliggende plase.

Die nuwe Raad is nou vier maande in diens van die gemeenskap en goed is in plek gesit om ‘n verskil te maak in die gewone ou se lewe. Die volgende 5 jaar gaan ons hard werk om die lewens omstandighede van Laingsburgers te verbeter en volhoubare werk te skep.

Binne die 100 dae is “wifi hotspots” in Laingsburg & Matjiesfontein geinstalleer.

Alle huishoudinge met ‘n maksimum inkomste van R 5 000.00 en minder mag aansoek doen vir die gratis 50KwH krag eenhede en daar sal ook meer werks geleenthede geskep word.

Die nuwe 5jaar GOP van die Munisipaliteit wat nou opgestel gaan word sal alles wat die Raad gaan implementeer, bevat en dit sal nie maklik verander word nie.

Geseende Kersfees & Voorspoedige 2017

Jesaja 9:5 “Vir ons is ‘n Seun gebore, aan ons is ‘n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word; Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”

Kom ons verheug ons opnuut in die herdenking van Jesus se Geboorte en kom ons versoen ons weer met God.
Geniet die fees seisoen met u familie & vriende!

Geseënde Kersfees aan elke Laingsburger, mag die boodskap van **hoop en blydskap** ons versterk.

Lauradene beter bekend as Deenie of Laura vir haar familie, vriende en die gemeenskap. Sy is 13 jaar oud en was in Graad 7, sy het geslaag sy is aanstaande jaar in graad 8, sy is amptelik op die Hoërskool.

Sy is nie net ‘n mooi gesiggie nie, maar sy is mal oor netbal en dans. Sy is soos ‘n tipiese tiener baie lief vir musiek. Sy hou ook van verskeie speletjies. Haar glimlag en glimlaggende oë laat almal goed voel oor hulself. Haar oop en vriendelike gesig trek haar maatjies soos ‘n magneet en kan hul nie anders om ook te blom nie.

Haar rolmodel is haar ma ‘Lollie” vir wie sy baie lief is. Sy is ‘n baie vriendelike, borrelende tiener en is baie lief vir haar familie, vriende en haar dorp Laingsburg. As iemand te hard praat met haar kruip sy in haar dop en dan moet jy hard werk om haar uit haar dop te kry.

Haar gunsteling kleur is blou, maar sy hou ook baie van pienk. Sy het van kleins af geparadeer en “gemodel”, sy het altyd gesê sy wil eendag Mej. Laingsburg word en 2016 het haar droom waar geword.

Sy dra haar kroon met trots en het tydens die jaarlikse Karoo Marathon, die prys oorhandiging gedoen by die 10km en 21km wenners. Sy beplan haar eie programme vir volgende jaar.

Lauradene**: “Geseende Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar my mense!”**

Laingsburg Openbare Biblioteek

Die Biblioteek Personeel wil vir almal in Laingsburg 'n Vreugdevolle Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

Pad Veiligheid

Laingsburg is bekend vir die ongeluk sterftes en is sinoniem met die Pad van die DOOD. Ons as Laingsburgers is onskuldig, maar ons wil graag elke Laingsburger vra om asseblief die padreëls te gehoorsaam en ook ingestel te wees en te dink vir ander bestuurders, want so kan u 'n ongeluk vermy.

Weerhou jouself om nie dronk te bestuur nie, stap of reël 'n ry geleentheid. Kom ons geniet die fees seisoen, maar neem verantwoordelikheid vir ons geliefdes.

Voorspoedige 2017 vir u almal.

Voorsieningskanaal Bestuur

REGISTRASIE VAN VERSKAFFERS OP DIE GESENTRALISEERDE VERSKAFFERS DATABASIS

Vanaf 1 Julie 2016 moet alle verskaffers wat besigheid wil doen met munisipaliteite, geregistreer wees op die Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis. Die Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis gaan dien as 'n enkele bron van alle verskaffers inligting vir alle regeringsfere. Die voordeel wat dié databasis vir die privaat sektor bied, is 'n vermindering van administratiewe "red tape" en duplisering van registrasie.

Nakomings vereistes gaan maklik wees om na te kom vir diegene wat reeds aan al die vereistes voldoen. Die Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis gaan gekoppel wees met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) vir outomatiese verifiëring van belastingklaringsertifkate. Dit gaan ook gekoppel wees met die Maatskappye en Intellektuele Eiendom Kommissie (CIPC) vir die keuring van besigheidsregistrasie en eienaarskap van besighede te verifieer.

Verskaffers word versoek om in te skakel op die volgende webwerf om te registreer op die Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis:

https://secure.csd.gov.za

U benodig 'n geldige e-pos adres, identiteitsnommer, selfoon nommer en bankbesonderhede om te registreer op die Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis.
Geen bewys van dokumentasie is nodig aangesien die databasis alle inligting elektronies gaan verifieer en bekragtig. U entiteit gaan voorsien word van 'n unieke registrasie nommer wat gaan begin met (MAA…). Hierdie registrasie nommer sal u voortaan op alle kwotasies en tenders moet aanhaal vanaf 1 Julie 2016.

Indien u versuim om te registreer op die Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis verhoed dit u om sake te doen met Laingsburg Munisipaliteit.

Enige navrae kan gerig word aan csd@treasury.gov.za / **012 406 9222**.

Wykskomitees

Laingsburg Munisipale Raad het in Augustus 2016, 'n nuwe beleid goedgekeur wat voorsiening maak vir 'n Blokstelsel. Elke wyk is in 10 Blokke verdeel waaruit een persoon afgevaardig is uit elke blok om as wykskomitee lid te dien. Wykskomitees het steeds maandeliks hul vergaderings.

Nuut Gekose Raadslede

Vanaf bo Links to onder regs

Rdl. Mike Gouws, Rdl. Irene Brown, Rdl. Lindi Potgieter, Rdl. Bennie Kleinbooi, Burgemeester Aubrey Marthinus, Onderburgemeester Bertie Van As en Speaker Wilhelm Theron.

RESESSIE:

Die Munisipale Raad gaan in resessie vanaf 19 Desember 2016 en sal terugkeer op 9 Januarie 2017.

Nuwe Munisipale Visie

'n Bestemming van keuse waar mense eerste kom.

"A destination of choice where people come first"

Belangrike Datums

Versoeningsdag: 16 Desember 2016

Kersmark: 17 Desember 2016

Munisipale Kantore & Thusong sluit 23 Desember 2016, 13:00 en maak weer oop 28 Desember 2016, 7:30.

Kersdag: 25 Desember 2016

Welwillendheids Dag: 26 Desember 2016

Publieke Vakansiedag: 27 Desember 2016

Munisipale Kantore & Thusong sluit 30 Desember 2016, 13:00 en maak weer oop 3 Januarie 2017, 7:30.

Nuwe Jaar: 1 Januarie 2017

Publieke Vakansiedag: 2 Januarie 2017

Munisipale Gemeenskaps Ontwikkelings Werkers (CDW's)

Hiermee wens ons as Munisipale Gemeenskaps Ontwikkelings Werkers vir u en u gesin 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe. Deur dit alles is ons meer as oorwinaars deur Hom wat ons die krag gee.

Laingsburg Buurtwag

Laingsburg Munisipaliteit in samewerking met Laingsburg SAPD het Buurtwaglede aangestel en is hulle besig om ons dorp te beveilig.

Graag wil ons vra dat die gemeenskap hulle ondersteun en hierdie fees seisoen misdaad te bekamp en om ons veiligheid en besittings te beskerm teen inbrekers.

Laingsburg Wetstoepassers

Laingsburg Munisipaliteit in samewerking met Gemeenskapsdienste het onlangs 16 leerders gestuur vir opleiding te Wolwekloof wat wetstoepassing sal doen.

LAINGSBURG TOURISM

KAROOFEES Laingsburg

21 – 23 April 2017

"Merry Go Round", Stalletjies, Karoo Kos, Biertent, plaaslike Talent, Marathon, Fietsry, Drama, Musiek & Vermaak.

Die Feeskomitee het 'n **Fees Koeponboekie** wat u kan kom afhaal, u kan dan die boekie vol maak en dan weet u u het voorsorg maatreëls getref. U kan begin met 'n R5 totdat u dit vol het en kan meer as een boekie volmaak.

Nooi al u familie en vriende Laingsburg toe sodat dit 'n ware Laingsburg Gemeenskap **FEES** sal wees.

Sy is oorspronklik van Zoar, maar het die afgelope 10jaar elke vakansie in Laingsburg gespandeer. Sy kon nie wag om haar skool loopbaan in 2015 te voltooi nie, sodat sy permanent Laingsburg toe kom trek.

Davene het in April 2016 20jaar oud geword en is huidiglik een van die Wetstoepassings Beamptes wat aangestel is deur die Munisipaliteit en SAPD om wet en orde in die Munisipale Distrik te handhaaf.

Tipies van ons jongmense wil sy haar lewe vol uitleef en ook 'n verskil maak. Sy het 'n passie vir maatskaplike diens en kinder ontwikkeling, sy staan nou voor 'n kruispad en 'n besluit moet sy neem, of sy begin aanstaande jaar met haar studies of om haar twee jaar kontrak by Laingsburg Munisipaliteit voltooi. Net 2017 sal ons leer wat die besluit gaan wees.

Haar titel dra sy en sy doen wat van haar vereis word. Sy het begin deur by die Burgemeesters Golfdag om pryse te oorhandig. Sy het ook tydens die Marathon haar goed van haar taak gekwyt (Eindpunt & Prysuitdeling) en het ook self die 5km suksesvol voltooi deur te "Lead by example". Sy het ook ingeskakel by verjaarsdag partytjie van Dappermuis Kleuterskool.

Sy het ook tydens die 16dae van aktivisme ingeskakel en het die Drawwers wat vanaf Rawsonville tot in Beaufort Wes gehardloop het in die dorp verwelkom wat bewusmaking doen vir "Child Trafficking" om fondse in te samel. Sy het ook ingeskakel by die Wêreld Vigs Dag en ook self in die ry gestaan vir toetsing. Sy beplan 'n Vel Kanker bewusmakings Dag in Januarie, waar sy haar prinsesse asook die Junior Mej. Laingsburg & haar prinsesse wil betrek. **Mej. Laingsburg 2016** wens almal **'n Geseende Christusfees & 'n Voorspoedige 2017, onthou om nie van Jesus te vergeet gedurende die fees seisoen nie**."

U kwalifiseer dalk vir Gratis 5okWatt Elektrisiteit

Die Raad het op 12 Desember 2016 tydens 'n Spesiale Raads Vergadering 'n besluit geneem om huishoudings met 'n inkomste van R5 000.00 en minder te help met 50watt eletrisiteit.

Indien u kwalifiseer kan u u Munisipale rekening, bewys van inkomste en ID dokumente bring en kom aansoek doen vir gratis elektrisiteit. Die inisiatief word van stapel gestuur om huishouding wat nie kwalifiseer vir deernis nie aan die hand te vat sodat hul meer fondse aan ander benodighede te bestee.

Aansoekers word ingewag.

Vullis Verwydering

Alle Huis & Besigheidsvulles sal op Vrydae; 23 Desember 2016 en 30 Desember 2016 verwyder word. Vullis wat normaalweg op Maandag en Dinsdag verwyder word sal op Woensdag 28 Desember 2016 en 3 Januarie 2017 verwyder word.

LADAAG

Kersfees en Nuwejaar is partytjie tyd en die drankies is beskikbaar, wees asseblief verantwoordelik en weet dat een glasie kan lei tot verslawing.

Alkohol & Dwelms
vernietig lewens! Kies 'n skoon en vry lewe!

Vir hulp skakel Shireen by (023) 551 1899

Nood Nommers

Munisipale Verkeer	-	073 148 7665
Brandweer & Rampbestuur	-	073 148 7665
Water Werke	-	073 171 5896
Elektrisiteit	-	073 171 5896
SAPD	-	10111
EMS Ambulans	-	10177
		023 551 1420
Klagtes	-	023 551 1019
Childline	-	0800 055 555
Kindersorg	-	023 551 1694
Dr Van Heerden	-	023 551 1696
Hospitaal	-	023 551 1237

LAINGSBURG TOURISM

KAROOFEES Laingsburg

21 – 23 April 2017

Stalletjies
Biertent & Karookos Stalletjie.

Die aansoeke is oop vir volgende jaar se fees.

Enige navrae kontak Madre Walters by (023) 551 1868.

Kontak ons **023-551-1019**

LAINGSBURG
MUNISIPALITEIT

2 Van Riebeeckstraat
Laingsburg
6900

Indien u 'n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en 'n goeie prysie kom onderhandel!!

Munisipale Kommunikasie Kantoor
Gwynne & Arthur